**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die
Eerste Presidentskap



# Getuienis en Bekering

Daar is 'n verskil tussen die ontvang van 'n getuienis van die waarheid en om waarlik tot bekering te kom. Soos byvoorbeeld, die groot Apostel Petrus het sy getuienis gelewer aan die Redder, dat hy geweet het dat Jesus die Seun van God is.

"Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?

"En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is." (Matthéüs 16:15–17).

Maar tog later, in Sy opdrag aan Petrus, het die Here hom en ons 'n gids gegee oor hoe om waarlik tot bekering te kom en hoe om dié bekering te verleng vir 'n leeftyd. Jesus het dit in die wyse gesê: "En as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk" (Lukas 22:32).

Jesus het Petrus geleer dat daar nog 'n groot verandering is wat verby die besit van 'n getuienis moet gaan, om in staat te wees om te dink, voel en handel soos waarlik bekeerde disipels van Jesus Christus. Dit is die magtige verandering waarna ons almal soek. Wanneer ons dit bekom het, benodig ons dat hierdie verandering aanhou tot die einde van ons aardse proeftyd (sien Alma 5:13–14).

Ons weet deur ons eie ervaaring en die waarneem van ander, dat om 'n paar kragtige oomblikke van geestelike krag te hê, nie genoeg sal wees nie. Petrus het ontken dat hy die Redder geken het nadat hy 'n getuienis deur die Gees ontvang het dat Jesus die Christus is. Die Drie Getuies van die Boek van Mormon het die direkte getuienis ontvang dat die Boek van Mormon die woord van God was, en tog later het hulle gestruikel in hul vermoë om Joseph Smith as die profeet van die Here se Kerk te steun.

Ons het 'n verandering in ons harte nodig, soos beskryf word in die boek van Alma: "En hulle het almal aan die volk dieselfde ding verklaar — dat hulle harte verander is; dat hulle geen begeerte meer gehad het om kwaad te doen nie" (Alma 19:33; sien ook Mosia 5:2).

Die Here het ons geleer dat wanneer ons werklik bekeerd is tot Sy evangelie, ons harte weg gedraai sal word van selfsugtige belange en gedraai word na die bediening om ander op te lig soos hulle opwaarts beweeg na die ewige lewe. Om hierdie bekering te bekom, kan ons bid en werk in geloof om die nuwe wese te word wat moontlik gemaak word deur die Versoening van Jesus Christus.

Ons kan begin deur te bid vir die geloof om te bekeer van selfsugtigheid en vir die gawe om vir ander meer om te gee as vir ons self. Ons kan bid vir die krag om trots en afguns ter syde te lê.

Gebed sal die sleutel wees vir die ontvangs van die gawe van liefde vir die woord van God asook vir die liefde van Christus (sien Moroni 7:47–48). Die twee kom saam. Soos ons lees, nadink en bid oor die woord van God, sal ons dit begin lief hê. Die Here plaas dit in ons harte. Soos ons hierdie liefde voel, sal ons begin om die Here liewer en liewer te hê. Met dit sal die liefde kom wat ons nodig het om diegene te versterk wat God op ons pad sit.

Soos byvoorbeeld, ons kan bid om diegene te herken wat die Here geleer wil hê deur Sy sendelinge. Voltydse sendelinge kan bid in geloof om te weet deur die Gees wat geleer moet word en waaroor om te getuig. Hulle kan in geloof bid dat die Here hulle Sy liefde sal laat voel vir almal wat hulle ontmoet. Die sendelinge sal nie almal wat hulle ontmoet na die doopwaters en die gawe van die Heilige Gees bring nie. Maar hulle kan die Heilige Gees as 'n metgesel hê. Deur hulle diens en met die hulp van die Heilige gees, sal sendelinge, met tyd, verander word in hul harte.

Dié verandering sal oor en oor hernu word soos hulle en ons onselfsugtig aanhou oor 'n leeftyd, om in geloof te handel om ander met die evangelie van Jesus Christus te versterk. Bekering sal nie net 'n enkele gebeurtenis wees of iets wat net vir een seisoen van ons lewens sal hou nie, maar sal 'n aanhoudende proses wees. Die lewe kan helderder word tot die perfekte dag, wanneer ons die Redder sal sien en sal vind dat ons soos Hy geword het. Die Here het die reis in die wyse beskryf: "En dit wat van God is, is lig; en hy wat lig ontvang, en volhard in God, ontvang meer lig; en daardie lig word al hoe helderder tot by die volmaakte dag" (L&V 50:24).

Ek belowe jou dat dit moontlik is vir elk van ons.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Ouderling David A. Bednar van die kworum van die Twaalf Apostels het die "geleikenis van die agurkie" gebruik om te leer dat bekering 'n aanhoudende proses eerder as 'n eenmalige gebeurtenis is: "Reël op reël en gebod op gebod, geleidelik en amper onopmerkbaar, word ons motiewe, ons gedagtes, ons woorde en ons dade meer in lyn met die wil van God" ("Julle Moet Wedergebore Word," *Liahona,* Mei 2007, 19). Dink daaraan om die geleikenis van die agurkie met die wat jy leer te hersien. Wat kan elk van ons doen om konstant vorentoe te beweeg in die proses van bekering wat President Eyring en Ouderling Bednar albei bespreek?

## JEUG

## My hartsverandering

**Deur Dante Bairado**

Die eerste keer wat ek geleer het aangaande die gerestoreerde evangelie van Jesus Christus, het ek die Gees voel getuig van waarheid daarvan. Deur gebed het my getuienis meer seker geword en ek het besluit om gedoop te word.

Kort na my doop het mense in my gemeente my gevra hoe ek sou voel om 'n sending te dien. Om eerlik te wees, het ek nie geweet wat om te sê nie. Die idee om my familie en studies te verlaat om 'n sending te dien het belaglik gelyk.

Een dag het ek begin dink oor my bekering. Ek het die sendelinge wat my geleer het onthou, hulle wat geduldig my vrae beantwoord het en my gehelp het om die evangelie te verstaan. Ek het besef dat sonder hulle hulp, sou ek nooit die ware Kerk ontdek het nie. Toe ek tot hierdie besef gekom het, het die begeerte om te dien in my hart geblom. Ek kon voel dat die Gees my vertel dat ek 'n voltydse sending moes dien.

Ek weet dat sending werk die werk van ons Hemelse Vader is en dat ons kan help om siele tot die wonderlike kennis van die gerestoreerde evangelie te bring.

*Die skrywer woon in Fortaleza, Brasilië.*

## KINDERS

## Laat Jou Getuienis Helder Brand

Die aanwins van 'n getuienis is soos die bou van 'n vuur. Net soos ons moet aanhou om hout op die vuur te sit om die vuur aan die brand te hou, moet ons bid, bekeer, ander dien en die gebooie gehoorsaam om ons getuienisse te help om helder te wees.

Om meer te leer oor hoe om jou getuienis te bou, lees elk van die skrifture gelys hieronder. Teken 'n vuur met vyf groot vlamme. Kleur 'n vlam in vir elke skriftuur wat jy lees. Hoe meer skrifture jy lees, hoe helderder sal jou vuur—en jou getuienis wees!

Mosia 2:17
Alma 5:46
Alma 32:27
3 Nefi 15:10
Johannes 5: 39

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van *First Presidency Message, February 2015.* Afrikaans. 12582 501

# Die Eienskappe van Jesus Christus: Sonder Sonde

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Redder bevat.*

Ons Redder, Jesus Christus, was die enigste een in staat om 'n versoening vir die mensdom te maak. "Jesus Christus, die Lam sonder vlek, het uit vrye wil Homself op die altar van opoffering neer gelê en die prys van ons sondes betaal," het President Dieter F. Uchtdorf, Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie, gesê.[1] Om te verstaan dat Jesus Christus sonder sonde was, kan ons help om ons geloof in Hom te vermeerder en om ons te laat strewe om Sy gebooie te gehoorsaam, te bekeer, en om rein te word.

"Jesus was . . . 'n wese van vlees en gees, maar Hy het nie toegegee aan die versoeking nie (sien Mosia 15:5)," het Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê. "Ons kan na Hom draai . . . want Hy verstaan. Hy verstaan die moeilikhede, en Hy verstaan hoe om die moeilikhede te wen . . .

". . . Die krag van Sy Versoening kan die effekte van sonde in ons uitvee. Wanneer ons bekeer, verregverdig Sy versoenende genade ons en reinig ons (sien 3 Nefi 27:16–20). Dit is asof ons nie beswyk het nie, asof ons nie toe gegee het aan versoeking nie.

"Soos ons dag vir dag en week vir week strewe om die pad van Christus te volg, bevestig ons gees sy oorheersing, die geveg binne ons bedaar en versoeking hou op om te pla."[2]

## Addisionele Skrifgedeeltes

Matthéüs 5:48; Johannes 8:7; Hebreërs 4:15; 2 Nefi 2:5–6

## Uit die Skrifture

Die Redder het die prys vir ons sondes betaal deur Sy heilige Seunwees, Sy sondelose lewe, Sy lyding en die stort van Sy bloed in die Tuin van Getsémané, Sy dood op die kruis en Sy Opstanding uit die graf. Deur die Versoening van Jesus Christus, kan ons weer skoon word soos ons van ons sondes bekeer.

Koning Benjamin het sy mense van die Versoening van Jesus Christus geleer en het toe gevra of hulle sy woorde glo. "En hulle het almal met een stem uitgeroep, en gesê: . . . van weë die Gees . . ., wat 'n geweldige verandering in ons bewerkstellig het, of in ons harte, sodat ons nie meer die neiging het om kwaad te doen nie, maar om voortdurend goed te doen. . . .

"En ons is gewillig om 'n verbond met ons God te sluit om sy wil te doen , en om gehoorsaam te wees aan sy gebooie in alle dinge wat Hy ons sal gebied" (Mosia 5:1–2, 5).

Ons kan ook 'n "magtige verandering" soos Koning Benjamin se mense ondervind, wie "nie meer die neiging het om kwaad te doen nie , maar om voortdurend goed te doen" (Mosia 5:2).

**NOTAS**

1. Dieter F. Uchtdorf, "Jy Kan Dit Nou Doen!" *Liahona,* Nov. 2013, 56.
2. D. Todd Christofferson, "Sodat Hulle Een In Ons Kan Wees," *Liahona,* Nov. 2002, 71.

## Ter Oorweging

Hoe verskil om rein te wees van om perfek te wees?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14. Vertaling van Visiting Teaching Message, February 2015. Afrikaans. 12582 501